



40 Dae met persoonlike oordenkings:

Die 40 dae proses in die gemeente is ook 'n geleentheid vir jou op persoonlike vlak om 'n eenvoudige ritme met God te skep om meer intensioneel te leef. Neem elke dag 10 minute en gaan rustig deur die volgende bewegings met die week se teks in gedagte. Die gelykenisse wil ons help om te beweeg van “dink” na “doen”. Een idee is om vir jou 'n notaboekie, joernaal of net notes op jou foon te gebruik om elke dag 'n paar notas te maak.

3 bewegings:

1. Kom tot rus;



2. Dink;



3. Reageer





Maandag 21 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Kyk of jy vir so 60 sekondes net doodstil kan sit, maak jou oë toe, maak jou asemhaling stadiger en "sit" net.....partykeer moet ons die idioom "dont just stand there do something" verander na "don't just do something, STAND THERE.....sit net en kom tot rus.

Dink:

Lees Matt 20:12



"So sal die laastes eerste wees, en die eerstes laaste."

Dink oor 'n situasie waar jy gevoel het jy is eerste maar nie die beloning gekry het wat jy verdien nie. Hoe het jy gevoel?

Reageer:



Praat met God oor situasies waar jy onregverdigheid beleef het en hoe dit jou laat voel.



Dinsdag 22 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Kyk of jy vir so 60 sekondes net doodstil kan sit, maak jou oë toe, maak jou asemhaling stadiger en "sit" net.....partykeer moet ons die idioom "dont just stand there do something" verander na "don't just do something, STAND THERE.....sit net en kom tot rus.

Dink: Lees Matt 20:12



"Hierdie laastes het net een uur gewerk en nou betaal u hulle dieselfde loon as vir ons wat die hele dag gewerk het in die warm son."

Dis baie algemeen om jaloers te wees en veral as ons sien hoe die Here ander mense sien. Maar God seën jou ook – kies om daarop te fokus.



Reageer:

Skryf een voorbeeld neer van waar jy op die oomblik God se seën ervaar en kies om daarby te bly sonder om na ander te kyk.



Woensdag 23 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Kyk of jy vir so 60 sekondes net doodstil kan sit, maak jou oë toe, maak jou asemhaling stadiger en "sit" net.....partykeer moet ons die idioom "dont just stand there do something" verander na "don't just do something, STAND THERE.....sit net en kom tot rus.

Dink: Lees Matt 20:12



Hierdie laastes het net een uur gewerk en nou betaal u hulle dieselfde loon as vir ons wat die hele dag gewerk het in die warm son.

Dink oor voorbeelde waar dit sleg is vir jou om jouself met ander te vergelyk. Ons kyk dikwels na onself deur eers na ander te kyk

Reageer:



Besluit om weer by jouself te begin en fokus op waar jy is nie waar ander is nie.



Donderdag 24 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Kyk of jy vir so 60 sekondes net doodstil kan sit, maak jou oë toe, maak jou asemhaling stadiger en "sit" net.....partykeer moet ons die idioom "dont just stand there do something" verander na "don't just do something, STAND THERE.....sit net en kom tot rus.

Dink:

Matt 20:14 Vat jou geld en gaan huis toe. Ek wil vir hierdie laaste een dieselfde gee as vir jou.



Ferreira het ons in sy boodskap herinner dat as God vir iemand anders wil goed wees gaan ons Hom nie stop nie. Soms moet ons dit net aanvaar.

Reageer:



Bid die volgende gebed: Here ek weet U besluit om vir almal te gee, help my om te fokus op dit wat U my gee. Amen



Vrydag 25 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Kyk of jy vir so 60 sekondes net doodstil kan sit, maak jou oë toe, maak jou asemhaling stadiger en "sit" net.....partykeer moet ons die idioom "dont just stand there do something" verander na "don't just do something, STAND THERE.....sit net en kom tot rus.

Dink: Matt 20:1-16.

Lees weer die gelykenis deur.



Reageer:



Maak 'n "commitment" aan die Here oor waarheen hierdie gelykenis jou beweeg en gaan deel dit met iemand naby jou.
